

PERSONALIA

April 1980

cover

Bushman woman participating in a dance. (Original from Johnson, P.E. Bannister, A. 1979. The Bushmen. Cape Town: C. Struik.

Hierdie ses-maandelikse nuusbrieff word gratis aan belangstellendes gestuur. Indien u sou belangstel om dit gereeld te ontvang hoef u slegs u naam en volledige posadres te stuur aan:

Die Redakteur
Nasionale Museum Nuus
Posbus 266
BLOEMFONTEIN
9300

Kommentaar oor die inhoud is altyd baie welkom en kan ook aan bogenoemde gerig word. Enige inligting en foto's kan uit die Nuusbrieff oorgeneem word met erkenning van die bron.

Redaksie: Barnie Stevens
Taalversorging: Mnr. Dirk Coetzee
Kunstenaar: Johan Reyneke
Fotograaf: Jakkie Pretorius/Chris Engelbrecht
Setwerk: Hanelien de Villiers/Rothea van Biljon
Gedruk en uitgegee deur die Nasionale Museum, Aliwalstraat, Bloemfontein.



Dr S W P de Waal wat hoof was van die Afdeling Herpetologie vanaf 1 April 1971 het einde Oktober 1979 die Museum verlaat en aangesluit by EVKOM in Johannesburg as ekoloog. Hy het sy M.Sc. in 1971 behaal by U O V S in Dierkunde en in 1978 Ph.D. by die Universiteit van Natal in Dierkunde. Gedurende sy dienstrydperk is die versameling van sy afdeling uitgebrei met 4 888 reptiele en 2 177 paddas. Die volgende twee publikasies uit sy pen is reeds deur die Museum uitgegee: 1. Die Mesonefros van *Xenopus laevis* (Daudin). 'n Histologiese oorsig. 2. The Squamata (Reptilia) of the Orange Free State. South Africa.

Mnr A Hauser van die Afdeling Paleontologie is vir sy twee jaar Dienspligopleiding opgeroep.

Mev L Coetzee is aangestel op 1 Mei 1978 by die Museum in die Afdeling Akarologie as Deeltydse Tegniese Assistent en het uit die diens getree aan die einde van Januarie 1980 nadat hulle verhuis het na Pinetown.

Mev A S Venter het verhuis na Welkom. Sy was eers Deeltydse Assistent in Paleontologie en later in dieselfde hoedanigheid by Geskiedenis. Tydperk by die Museum 3 Januarie 1978 tot 31 Oktober 1979.

KORREKSIE

Op bladsy 5 van die vorige uitgawe van ons Nuusbrieff is per abuis vermeld dat regter Steyn op 'n bepaalde foto verskyn. Dit is natuurlik foutief. Die persoon op die foto is wyle appelregter D.H. Botha wat vir etlike jare Voorsitter was van die Raad van die Nasionale Museum.



VAKKUNDIGE TEGNIESE EN ADMINISTRATIEWE PERSONEEL – FEBRUARIE 1980

Voor v l n r Mev M P Bezuidenhout (Biblioteek-Assistent), Mev H de Villiers (Tikster), Dr C M Engelbrecht (Assistent-direkteur), Mev D J van Biljon (Tikster), Mnr J J Oberholzer (Direkteur), Mev A Venter (Tegnies), Mev C A Koole (Biblioteekaresse), Mev C H Swart (Telefoniste-klerk)
Eerste ry v l n r Mev A H van Eeden (Kunstenaar), Dr J W A van Heerden (Paleontoloog), Mev M Joubert (Historikus), Mnr J Haasbroek (Histionkus), Mnr J O Pretorius (Fotograaf), Mnr P S van der Merwe (Tegnies), Mnr J J Reyneke (Kunstenaar), Dr T Parkas (Ornitoloog), Mnr B C Stevens (Opvoedkundige)
Tweede ry v l n r Mev S D Bishop (Kunstenaar), Mev H A Lynch (Boekhoudster), Mnr J J B Dreyer (Argeoloog), Mnr A J Smit (Opsigter), Mnr J A van Sijden (Vakman), Mnr J S van der Westhuizen (Opsigter), Mnr E du Pisani (Einoloog), Mnr H C Koen (Vakman)
Agter v l n r Dr C D Lynch (Sooedierkundige), Mnr J Eksteen (Tegnies), Mnr E J Bubb (Voorradebeampte), Mnr S W F D van Ee (Taksidermis), Mnr D M C Smit (Taksidermis)
Afu Mev C M Bleeden (Kunstenaar), Mnr H D Brown (Opsigter), Mnr A Hauser (Tegnies), Mnr A J H Maree (Opsigter)



Items wat te koop aangebied word in die voorportaal van die Museum. Onderandere is daar T-hempies met oerdier karikatuur voorstellings, verskillende soorte glase met die Museum se embleem, baie soorte aandenkings van egte leer soos beursies en handsakke en baie ander items.



'n Uitstalling oor die Sonnestelsel waarin die relatiewe groottes en afstande tussen die son en planete verduidelik word is pas voltooi. Links op die foto kan 'n gedeelte van die son gesien word met die Aarde en Venus naaste aan die son nouliks merkbaar. Die uitstalling is egter te klein om die sterre te wys want as die naaste ster aangebring kan word sal die uitstalling 4,5 km lank wees.